### *Die volk daag die priesters uit*

**98** Omdat die gewone volk wat die tekens gesien het, maar te bang was vir die priesters en skrifgeleerdes om vooruit te kom dat hulle in My leer geglo het en My wou volg, versin hulle `n goeie slenter: Hulle bring dadelik `n aantal siekes na die priesters en sê: "Luister na ons, hooggeagte priesters en skrifgeleerdes wat sê dat u in al die geheime van Elohim ingewyd is! Die mens JaHshua uit Násaret doen wonders wat so groot is dat niemand dit nog ooit vroeër gedoen het nie en sy woorde en leer is soos `n vuurstroom wat alles wat dit op sy weg teëkom met geweldige hitte verteer of onweerstaanbaar met homself meesleur! Sonder medisyne genees hy as `n God elke siekte slegs maar deur die woord en die mense sê dat hy selfs die dooies lewend maak deur die uitspreek van `n enkele woord!

[2] Nadat ons onsself van die waarheid van al hierdie dinge oortuig het, skiet `n goeie gedagte ons te binne en ons dink aan u en sê vir mekaar: "Waarom vind ons dit so besonders? Ons het tog ook priesters en skrifgeleerdes wat in al Elohim se geheime ingewyd is, wat sekerlik net soos hierdie JaHshua slegs deur iets te sê, `n sieke sal kan genees as hulle wil!" Ons was eintlik al onderweg om ons siekes na die Násarener te bring; maar dink toe aan die besnydenis en aan die verbond en dit wil ons nie los nie, solank dit ons ook kan gee wat ons liggaamlik en geestelik nodig het. Omdat hierdie JaHshua nou egter sulke uitermate wonderbaarlike tekens doen, dreig daar vir ons gevaar, as ons nie dieselfde kragtige tekens daarteenoor kan stel nie!

[3] Dus het ons `n aantal siekes saamgebring en vra u ter wille van u en ons verlossing of u deur u geestelike mag, wat u volgens u eie woorde direk van Elohim het, hierdie siekes wat bepaald nie ons ergste siekes is nie, wil genees deur slegs `n woord te spreek!

[4] Daarna sal ons dan met hierdie siekes wat wonderbaar deur u genees is, deur die hele stad trek en sal vir elke huis Elohim se eer en u groot roem luidkeels verkondig. Die Násarener sal dan baie aan gewildheid daardeur verloor en sal uiteindelik, volgens die segswyse onder skande, spot en smaad die hasepad moet kies!"

[5] **Die priesters en skrifgeleerdes** wat self maar al te goed bewus was van hulle totale onmag, sê plegtig om hulle onmag te verberg: "Julle dwase! Waarom vra julle dinge van ons wat slegs Elohim behoort te doen? Wanneer het daar ooit `n priester of `n skrifgeleerde `n wonder gedoen?! Dit kan slegs Elohim en die enigste hoëpriester in die tempel te Jerusalem doen as hy in die Apartheid van die Aparthede (Allerheiligste) ingaan! Bring julle siekes dus na Jerusalem; daar sal hulle, as jy die korrekte daarvoor offer, wel genees word; tenminste as Elohim dit wil! Wil Elohim dit egter nie, dan sal jy dit moet aanvaar om jou siekes weer as siekes saam huistoe te neem.

[6] Ons is wel ingewyd in die meeste verskillende geheime van Elohim, maar nie in dié mag van Elohim wat apart is en wat Hy geen sterfling laat toekom nie!

[7] Wie egter tog soos hierdie JaHshua, oor wie ons ookal gehoor het dat hy deur toordery of met die hulp van Beëlsebul dade verrig, is `n monster uit die hel, die ewig vervloekte woonplek van Elohim se vyand. En wie hulleself inlaat met sy leer en sy tekens, hy staan dan ook net eenders teenoor Elohim en Sy dienaars as die duiwel se dienaars! Dit is die volkome waarheid; **wee julle, as julle na JaHshua gaan en Sy leer en hulp aanneem!"**

[8] **Diegene** wat die siekes na die priesters en die skrifgeleerdes gebring het, sê: "Julle is almal leuenaars as julle dit beweer! Hoe kan Hy aan die duiwel behoort en `n dienaar van Beëlsebul wees, Hy, wat die mense die beste gee en die mense wat Hom volg, slegs **liefde, sagmoedigheid en geduld leer**, en dit alles wat Hy leer ook self ten volle in die praktyk beoefen?!

[9] Julle is eerder soos duiwels, as julle so iets oor Hom sê; Hy daarenteen is van Elohim, omdat Hy die wil van Elohim doen, wat Hy ook leer. Julle het ons nou net uitgeskel as "dwase", omdat ons julle in julle eie belang vra wat julle wel duisend keer beweer het om ook deur die goddelike woord en die gebed te kan doen, maar nou, waar ons soos nog nooit tevore na julle toe aankom om julle ou onveranderde geloof ten uitvoer te bring, skel julle ons uit as dwase as ons julle by julle woord hou! - O, slegte dienaars van Beëlsebul! ons sal julle so baie lig gee dat julle almal deur die skynsel daarvan sal sterwe!"

### *Genesing van die skoondogter van Petrus*

**99** Die priesters en skrifgeleerdes trek hulleself vinnig terug wanneer hulle hierdie uitlatings van hulle geloofsgenote hoor. Want daar het ongeveer honderd na hulle toe gekom en uit hulle oë spreek `n diepe erns; want hierdie mense voel al lankal aan wie agter die Judese priesters en skrifgeleerdes skuil en hulle haat hulle al `n hele tyd meer as die pes!

[2] Maar omdat die priesters, fariseërs en skrifgeleerde wel opmerk dat die Judeërs hulle slegs

maar fyntjies op die proef wou stel om iets tasbaars teen hulle te verkry, sodat hulle dan des te meer rede sou hê om My te volg (want in die tyd was dit nog moeiliker om uit die Judese kerk toe te tree tot `n ander, **as wat dit nou moeiliker is om uit die Rooms-Katolieke kerk toe te tree tot `n Protestantse kerk**), hou hulle My nou skerp in die oog en begin onder mekaar al in die geheim te uitoorlê hoe hulle My ten gronde kon rig.

[3] Die owerste, in wie se huis Ek nou in Kapernaum `n paar dae agtereen vertoef het, vertel My heimlik wat daar gebeur het, hoe kwaad die Judese priesterskap vir My was en dat hulle My selfs in die geheim om die lewe wou bring!

[4] Toe sê **Ek**: "Hulle kwaadaardige planne met My sal wel een keer slaag, maar nou is die tyd nog nie daarvoor ryp nie. Sodat hulle nou egter nie te veel geleenthede kry om hulle wraak uit te voer nie, sal Ek vir `n rukkie na `n ander plek toe gaan en dan later, as die woede van hierdie godloënaars afgekoel is, weer hierheen terugkom."

[5] Hoewel hy My baie graag by hom wou gehou het, gee die owerste My tog gelyk, omdat ook hy behoorlik bang was vir hierdie priesters, skrifgeleerdes en fariseërs; want hy het maar al te goed geweet **hoe die addergebroedsel die kuns verstaan het om iemand in die geheim in Rome aan te kla**.

[6] Ek verlaat toe die volgende oggend heel vroeg met die hele geselskap wat My volg die buitengewone gasvrye huis van die owerste en begeef My na die huis van Simon Petrus wat in die buurt van Betábara lê, waar Johannes vroeër gewerk het. Toe Ek egter in die eenvoudige, maar ruim huis van Petrus inkom, lê sy skoondogter daar, `n goeie en meestal baie werklustige en flink meisie van ongeveer twintig jaar met hoë koors in die bed en was baie angstig en het baie pyn gehad. Petrus kom na My toe en vra My om haar te help! ***(Matthéüs. 8: 14)***

[7] **Ek** gaan dadelik na haar bed, neem haar by die hand en sê aan haar: "Dogtertjie, staan op en maak liewer die middagete vir ons klaar, in stede daarvan om hier siek in die bed te lê!"

[8] Oombliklik verlaat die koors haar en die meisie staan dadelik op en bedien ons met baie ywer en toewyding. ***(Matthéüs. 8: 15)***